e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

8 Augustus 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 25

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Vanselfsprekend

***Hoekom tog so 'n bohaai maak omdat 'n vrou verkies is*? vra 'n *Beeld*-leser onlangs nadat dit bekend geword het dat dr Carin van Schalkwyk as skriba van die NG Kerk se Vrystaatse sinode verkies is. Hoekom die 'lawaai'? Die opgewondenheid? En op die drumpel van die viering van Vrouedag – hoekom steeds 'n Vrouedag?**

'Ons het tog ver gevorder' – die stelling. Vroue is aktief in die politieke arena, aan die bestuur van groot maatskappye, ontvang pryse vir wetenskaplike deurbrake, ensovoorts. Hierdie goed is afgehandel. Die gesprek is klaar. Die doel is bereik.

Die geskiedenis vertel van talle besluite oor die toelating en insluiting van vroue. *Vir* vroue moes daar *besluit* en *gestem* word oor die reg tot 'n stem, die toelating tot opleiding, die keuse van kleredrag, en die aanspraak op vergoeding.

In die film *Made in Dagenham* word uitgebeeld hoe vroue in die 1960's in 'n Ford-fabriek vir 'gelyke betaling' betoog. Die vergoeding berus op die onderskeid tussen die vroue se 'ongeskoolde arbeid' en die mans se 'geskoolde arbeid'. Die betoging het tot gevolg dat die mans wat in die fabriek die motors aanmekaar sit, later ook sonder werk is, want die vroue weier om die bekleedsels verder te vervaardig totdat hulle dieselfde vergoeding as die mans ontvang. Op breekpunt, vra die hoofkarakter, Rita O'Grady, se man hoekom hulle hiermee aanhou. Hy verstaan nie wat hulle (die mans) verkeerd doen nie. Hulle is nie van daardie mans wat hulle vroue slaan nie, sê hy. En hulle help met kinders grootmaak. En hulle help met die kosmaak. En hulle bly nie laat in die aand en oor naweke uit nie en is nie 'moeilik' nie. Dan sê sy vir hom: *That is how it is supposed to be. A right is not a privilege.*

In die Hervormde Kerk is daar trots oor die vordering met die *saak van vroue*. Trouens, die saak word as afgehandel beskou en almal word telkens herinner dat die Hervormde Kerk die eerste kerk was wat vroue tot die amp *toegelaat* het. Daar is verbasing, verdediging en verontskuldiging wanneer *gender* opgehaal word. Soos die film egter uitbeeld, is daar met die kerk (en die res van die wêreldwye samelewing) se trots oor hoe ver gevorder is, nie gedink en gepraat oor die geldigheid van *besluitneming* en *stemmery* oor vroue se *toelating* tot alle ruimtes in die *eerste plek* nie. Hierdie gebrek aan bewussyn blyk uit vanaf terloopse opmerkings tot by lang gesprekke tydens vergaderings. Dikwels word gehoor hoe mans met trots vertel hoe hulle in die huishouding en met die kinders se sorg en opvoeding *hand bysit*. Asof dit nie *vanselfsprekend* is nie. En dan is daar die vanselfsprekende aanvaarding dat kerkvolke dwarsoor die wêreld wat persentasiegewys uit meer vroue as mans bestaan, byna uitsluitlik of uitsluitlik deur mans gelei en regeer word.

Lesers sal dalk vra of die 'bohaai' juis die rede daarvoor is dat vroue se plek nog nie vanselfsprekend is nie. En die antwoord is nee. 'n Mens sal ophou om opgewonde te word oor iets uitsonderliks as dit nie meer uitsonderlik is nie.

A right is not a privilege. It is a right. Wanneer vroue se teenwoordigheid en deelname in alle ruimtes waar mans ook is, nie meer 'n voorreg, 'n vergunning, 'n toegewing (toelating) is nie, maar werklik vanselfsprekend is – op daardie dag sal *Vrouedag* nie meer nodig wees nie. Op daardie dag sal die belydenis dat die ganse mensdom na die beeld van God geskep is, 'n werklikheid wees.

Ds Tanya van Wyk, UP

(Tanya het reeds in Mei haar proefskrif in Dogmatiek suksesvol verdedig, en ontvang in September tydens UP se Lentegradeplegtigheid haar doktorsgraad. Baie geluk by voorbaat!)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Antonie van Staden

Beroep ontvang

- **Prop Antonie van Staden** na Welgelegen-Pietersburg (benoeming met besondere opdrag)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het kennis geneem van die stigtingsvergadering van die sogenaamde "Geloofsbond van Hervormde Gemeentes". Die Geloofsbond bestaan uit afgeskeide gemeentes wat bande met die NHKA gebreek het. Hoewel die Geloofsbond, na wat berig word, voorgee dat hulle nie 'n nuwe kerk stig nie, tref hulle reëlings vir die opstel van 'n *kerkorde* en skep hulle 'n *kuratorium* wat die opleiding en toelating van predikante (tot die "Geloofsbond"?) moet hanteer. Die Geloofsbond onderneem verder om oral waar dit nodig is *gemeentes* te stig en wys *konsulente* aan om lidmate (van die NHKA?) te bedien waar daar tans nog nie *gemeentes* van die "Geloofsbond" bestaan nie. Hulle volstaan ook met die Staat van Belydenis teen die NHKA.

Dit is klinkklaar duidelik dat die kerklike afskeiding van die NHKA hiermee voltrek word. Die Kommissie het hulle oor die afgelope tyd herhaaldelik teen skeurmaking uitgespreek en daarop aangedring dat lidmate en ampsdraers binne die ruimte van die Kerkorde sal optree (sien byvoorbeeld Omsendskrywes 3, 10, 11, 13 van 2012 en Omsendskrywe 7/2013 by: **http://www.nhka.org/index.php/so-se-ons-11/omsendbriewe.html**)

Die Kommissie het daarom met ontsteltenis kennis geneem van dienende en emeritusredikante van die NHKA wat die vergadering van die Geloofsbond bygewoon het. Die Kommissie neem hierdie aangeleentheid nie ligtelik op nie en sal tydens die buitengewone vergadering van die Kommissie op 16 Augustus 2013 besluit oor gepaste optrede. Die Kommissie wil met hierdie predikante gesprek voer oor die aard van hul betrokkenheid by die Geloofsbond, aangesien die Kommissie sy opdrag om die eenheid en goeie orde binne die NHKA te bevorder, kerkordelik wil uitvoer. Die Kommissie sal na afloop van die vergadering van 16 Augustus 2013 hieroor aan die Kerk verslag doen.

- **Mev Cecile Spies**, die Kerk se Bibliotekaresse, **se vader** is Saterdag 3 Augustus oorlede. Hy was 87 jaar oud en het al lank aan Alzheimersiekte gely. Haar moeder leef ook nog en is maar in skok na haar man se afsterwe. Die roudiens is Donderdag 8 Augustus om 11:00 gehou vanuit die NG Kerk gemeente Montana, in Veronicaweg 154. Ons innige simpatie gaan aan Cecile en die familie.

- Emeritusredikant **ds Sakkie Meyer se vrou, Corrie,** het Maandag 5 Augustus 'n knievervanging ondergaan. Ds Pieter le Roux het haar besoek en het laat weet dat dit onder omstandighede met haar goed gaan. Baie sterkte aan ds Sakkie en die pasiënt!

- **Oudl Dave Lizamore** van die Kommissie van die AKV en sy gesin berig soos volg oor hul seun se vordering: “James het op 19 Julie teruggekom van Indië na ’n maand se behandeling daar. Hy is tans besig met sy 5de siklus van hoëdosis-chemoterapie. Sy plaaslike onkoloog was verras met sy voorkoms en vordering. Dr Robbie het die MR-skanderings bestudeer en sê daar is ’n dramatiese krimping van die tumor. Hy glo dat as James na die voltooiing van die 6de siklus in September immunoterapie in Tel Aviv kry, die kanse vir volkome genesing uitstekend is. Ons wil dus alle lidmate en gemeentes bedank vir hulle volgehoue voorbidding en ondersteuning.”

- Ds Willem Slabbert het laat weet dat **Gemeente Grootvlei** dringend ’n orrel, ’n Nagmaalservies en ’n kateder benodig. Kontak ds Slabbert asseblief by 082 296 4150 indien u kan help.

- Emerituspredikant **dr Hennie Botes** het onlangs na Pretoria verhuis. Sy nuwe besonderhede is San Glen 85, Glenwoodstraat 365, Faerie Glen 0043; tel 012 348 3022 en 082 701 9441. Dr Botes is **beskikbaar om eredienste** in gemeentes waar te neem. Skribas kan bovermelde nommers skakel om reëlings te tref.

- **Boektafel: Tweedehandse teologieboeke.** In ooreenstemming met die beleid van die biblioteekversameling van die Hervormde Kerk word duplikate nie in die versameling opgeneem nie. Namate die elektroniese ontsluiting plaasvind en die integrering van veral AIM se boeke vorder, het talle duplikate te voorskyn gekom. Hierdie boeke word nou ter beskikking gestel aan belangstellendes en liefhebbers van boeke met teologiese temas. (Let wel: Dit gaan NIE oor vervreemding van boeke wat in die katalogus van die Argief- en Biblioteek opgeneem is nie, maar oor **duplikate**.) Die boektafels kan bekyk word op die 2de vloer in die Dirk van der Hoffgebou **vanaf 12 Augustus tot 31 Oktober 2013**, vanaf 08:30 tot 16:00 op weeksdae. Die boeke is gratis beskikbaar en word nie verkoop nie, al sal die Argief vrywillige kontantdonasies op prys stel. Reëlings hiervoor kan met die Argiefpersoneel getref word. Navrae oor uiteenlopende temas kan aan die argivaris, mnr Nándor Sarkady, gerig word by **argief@nhk.co.za** of 012 322 8885 x204. Die boeke wat beskikbaar gestel word, is nie gelys nie, maar is op grond van die biblioteekkatalogus as duplikate gemerk.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Ottosdal: *Amazing Race***
  75 geseënde jare
  Vrydag 30 Augustus: Kampvuur-kuieraand by Ottosdal-skougronde
  Lapas, braaivleis met pap en sous, poeding…
  Saterdag 31 Augustus: Stap-wedloop, basaar en stalletjies
  Van vroeg tot laat
  Kontak ds Adriaan Benadie by 082 763 2728 of **ottosdal@nhk.co.za**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering**
  Vrydag 6 September: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 7 September: Feesgeleentheid
  Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
  Sondag 8 September: Hoeksteenonthulling en erediens
  gelei deur ds Barrie Oberholzer
  Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
  +264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Sannieshof: Feesnaweek**
  Vrydag 6 en Saterdag 7 September: Mielie Makietie 2013 met Adam Tas
  (Sien Basaars en markte, bladsy 9, vir meer inligting hieroor)
- **Sondag 8 September**: **Uitreik met Geloof-in-aksie Motorfietsklub**
  Ds CJ van Wyk van Randburg lei die erediens
  Navrae aan ds Paul Kern by 082 494 5347
  of stuur 'n e-pos aan Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties***
  25, 26 en 27 Oktober
  Op kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria
  Stuur groetewense, staaltjies, herinneringe en foto's vir gedenkblad
  Baardgroeikompetisie vir die manne
  Modeparade met toeka se klere vir die dames
  Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting
  Gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (sien bladsy 8)
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Augustus, en word hartlik geluk gewens.**

o Donderdag 8 Augustus:	Ds Jan Schutte (siekte-emeritaat)
o Saterdag 10 Augustus:	Ds Johan Ayres (Germiston)
o Dinsdag 13 Augustus:	Ds Jan de Wet (emeritus)
o Woensdag 14 Augustus:	Ds Arno Nieuwhof (Stella-kombinasie)
o Donderdag 15 Augustus:	Ds Rita de Kock (Villiers)

Beplande vergaderings

o Dinsdag 13 Augustus:	Nagraadse Beurskomitee
	Kuratorium
	Aksiegroep vir Bejaardes
o Woensdag 14 Augustus:	TOIBO
o Donderdag 15 Augustus:	ADV-redaksie
	Direksie van die Monumenttehuise
o Vrydag 16 Augustus:	Kommissie van die AKV

Bybelvasvra 2013

- **Die Komitee vir die Landwye Bybelvasvra** stel vanjaar weer 'n vraestel beskikbaar vir die Ringsvasvra. Ringsorganiseerders moet ds Stephen de Beer kontak, sodat vraestelle per e-pos versend kan word. **Die uitdunrondtes met die oog op die landwye finaal moet afgehandel wees voor 13 Augustus 2013.**

  Bestek: Jakobus (NAV)
  Hoërskool, Jong Hervormers, en Ope Afdeling
  - o Artikels in *Konteks* (April, Mei en Junie 2013) oor die Jakobus-brief (ook beskikbaar by **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → *Konteks* Bybelvasvra 2013)

- Heidelbergse Kategismus (Sondae 32-52 oor dankbaarheid) – in publikasie *So glo ons* en by **www.nhka.org** → So glo ons → Reformatiese belydenisskrifte → Heidelbergse Kategismus

Laerskool

- Slegs die 5 hoofstukke van Jakobus

Landwye finaal

Datum:	Kamp 4-6 Oktober 2013 **Vasvra 5 Oktober om 09:30; registrasie vanaf 08:30**
Plek:	Kwaggasrus buite Brits op die Thabazimbi-pad; aanwysings sal aan spanne gestuur word
Koste:	Kampgelde R200 per persoon vir die naweek (Vasvra-inskrywingsgelde ingesluit) Diegene wat nie kamp nie, betaal R50 dagbesoekersfooi
Betalings:	Raad van Finansies (Verwysing: *Gemeentenaam* + *Vasvra*)

Stuur asseblief bewys van betaling na bybelvasvra@gmail.com

Laat weet ds Marna Naudé by **bybelvasvra@gmail.com** hoeveel mense en spanne vanuit jul ring verwag kan word

Sluitingsdatum 21 September 2013

Navrae aan ds Marius Bacon 083 297 6135
of ds Stephen de Beer 083 781 2955

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Montana: 5-weke-toerusting oor verhoudings en kommunikasie**
  Dinsdaeaande om 19:00 van 13 Augustus tot 10 September
  GRATIS
  Aangebied deur prof Theuns Dreyer
  Hoe lyk my verhouding met my eggenoot/kinders/familie/werkskollegas/vriende?
  Hantering van konflik, vergifnis en versoening
  Kommunikasie vanuit verskillende persoonlikhede
  Kontak Esmé by 012 567 1753 of **nhkmontana@gmail.com**

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir 'n **student**. Dit bestaan uit 'n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans by die Dienshuise beskikbaar:
  2 groot luukse kamers: R4 500 elk
  Kleiner kamer met stort: R3 000
  Klein kamer sonder badgeriewe: R2 250
  Ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes, wat self hul kamer en wasgoed moet doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder mev Mariana van Tonder by 015 491 6314

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Sondag 1 September om 18:30: Gemeente Pretoria-Oos**
  Orrelkonsert met prof Wim Viljoen
  In kerkgebou hv Dely- en Matroosbergweg
  Toegang GRATIS
  Die gemeente se orrel word 40 jaar oud!
  Verversings in die saal na die konsert
  Navrae aan Pieter van den Berg by 072 041 3954 / **pieter@allensa.co.za**

- **Saterdag 21 September om 09:00: Gemeente Hartebeeshoek**
  Nataniël
  La Louise Venue. Willem Cruywagenstraat 155
  Hesteapark, Akasia
  Koste: R170
  Koffie, tee en verversings na vertoning
  Kontak Lizette Goosen by 082 539 1456
  of Mariana de Villiers by 072 128 2692

- **Saterdag 5 Oktober om 14:30: Gemeente Turffontein in Johannesburg**
  Damestee: *Vrouedag* met Sonja Herholdt
  NG Kerksaal, Dalehamstraat, Mondeor, Johannesburg
  R100 per persoon
  Skakel mev Pikkie van der Westhuizen by 083 320 8262
  of Nellie Stipec by 083 449 6155 vir besprekings en besonderhede
  Verversings sal bedien word

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- **Konteks-leserstoer na Turkye: 1 tot 17 Mei 2014**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 / **ernest.vaneck@up.ac.za**
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 24 Augustus: Gemeente Sionspoort**
  EPR Fietswedren
  Twee opsies: 120 of 58 km
  Wegspring en einde by Tarlton Renbaan
  Skryf aanlyn in by **www.cycleevents.co.za**
  of kontak Johan by 082 464 1547

- **Saterdag 7 September: Gemeente Carletonville**
  Gholfdag
  Goldfields West Gholfbaan
  Skryf in vir ’n 4-bal, of borg putjies, skenk pryse, maak donasies
  Borgskap: R1 800 per putjie (sluit ’n 4-bal in en kan promosiemateriaal bevat)
  Indien slegs ’n putjie geborg word sonder die 4-bal: R1 000
  Andersins R200 per speler
  Navrae aan Ockie Brits by 082 850 7966 of Hanlie Brits by 084 512 9297

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus-wildplaas tussen Groblersdal en Marble Hall
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895
  Sluitingsdatum 31 Augustus, trekking 1 September 2013

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Goede Hoop: Gedenkalbum**
  Beskikbaar teen R440 plus posgeld
  Glansblad met gelamineerde bladsye
  232 bladsye en 231 foto's
  Geskiedenis nie net dié van Gemeente Goede Hoop nie
  maar ook grepe uit die geskiedenis van families, kerke en meer van die omgewing
  Kontak Dolla **Coetzee** by **dollacoetzee@telkomsa.net**
  of 073 170 5325 om te bestel
  Kompetisie met lekker prysgeld word by die boek ingesluit

Basaars en markte

- **Vrydag 30 Augustus en Saterdag 31 Augustus**
  Gemeente Bethal: Lentefees
  Vrydag 30 Augustus 08:00 tot 14:00
  Voorafbestellings word uitgevoer
  Aandprogram: Ete en vermaaklikheidsprogram
  Deurnag: Worsbroodjies, fliek, jeugdiens en ander vermaak vir die jeug
  Saterdag 31 Augustus
  Speletjies, verfbal en ander vir die kinders
  Verkope van pannekoek, kerrie-en-rys, hamburgers, sosaties, vleiskoeke
  en baie ander tuisgemaakte goedere
  Navrae by gemeentelike kantoor 017 647 3093

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Vaalpark**
  Basaar
  Wildsvleis, kosstalletjies, koektafel, uitstallers...
  Uitstallers welkom (R100 per stalletjie)
  Hope pret vir die kinders: treintjie, springkasteel en vele meer
  Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons!
  Kontak Esmé gedurende kantoorure by 016 971 1999
  of Dorea by 083 225 7391

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Ventersdorp**
  Boerebasaar
  Baie vleis te koop!
  Kom geniet die pannekoeke, vetkoek, kerrie-en-rys, heerlike tuisgebak...
  Speletjies en ander vermaak vir die jongspan
  Kontak Nico Kock by 083 204 6715
  of ds Marius van Vuren by 072 850 4960

- **Saterdag 31 Augustus: Gemeente Mafeking**
  Basaar: *Pirates@Mahikeng*
  Fokus op die kind
  Ollie die Nar met hope vermaak vir die kinders
  Reusespringkasteel en *spookhuis*
  Skattejag vir die jongspan

Die kinders kan kolwyntjies (*cupcakes*) versier en ‘n groot prys wen
Kwalifiseer met donasie van slegs R50 (of veelvoude daarvan)
vir kontantpryse ter waarde van R10 000, R4 000 of R1 500
Kontak Kallie Landsberg (079 893 9031) of dr Annelie Botha (082 650 3494)

- **Saterdag 31 Augustus vanaf 09:00: Gemeente Glencoe**
  Basaar
  By die Moth-saal
  Kinderpartytjie, pannekoek, *jaffles*, *Nuut tot antiek*
  Vleis, lekkergoedtafel, koeke, teetuin, kunsvlyt en vele meer
  Kontak Carlien Grobler by 076 042 7781

- **Vrydag 6 en Saterdag 7 September: Gemeente Sannieshof**
  Mielie Makietie
  Op die terrein van die Hervormde Kerk
  Gaskunstenaar Adam Tas
  8 m hoë en 100 m lange foefieslaaid
  Wen R50 000 kontant of 25 ton mielies in Wen-’n-oes-kompetisie
  2de prys: Diamant ter waarde van R20 000 of 5 ton sonneblom
  Luister na Graan Suid-Afrika se voorsitter, Jannie de Villiers
  Diamant-stormloop vir ’n diamant en talle halfedelgesteentes
  Karaoke, visvang, skyfskiet en *Fear Factor*
  Skiet met ons selfgeboude aartappelkanon en wen kontant
  Strip-jou-moer-kompetisie
  (Sondag 8 September ds CJ van Wyk van Randburg
  en sy Geloof-in-aksie Motorfietsklub)
  Kontak ds Paul Kern by 082 494 5347 of Elsa by **elsaj@lantic.net**

- **Donderdag 12 tot Saterdag 14 September: Gemeente Bergsig**
  Bergsigmark vanaf 10:00, Saterdag vanaf 08:00
  hv Karel Trichardt- & Leonidestraat, Mountain View
  Stalletjies te huur @ R200 vir die 3 dae
  Teetuin met gebak, sjokoladefontein en malvalekkers op ’n stokkie
  Etes schwarmas en pappadoms met vleisgeregte
  Saterdag
  Demonstrasies van skilderkuns deur mondskilders
  Delwersoektog, potjiekoskompetisie, skyfskiet
  Groot pryse te wen
  Kontak Tina by 078 682 7093

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

ANDER NUUS

- **Vakature: Assistentverpleegster**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **Beeld-Kinderfonds**
  - **Wen 'n Peugeot**
    SMS PEUGEOT na 32541 of SMS KINDERS na 32541, R25 per SMS
  - **Super 10 Spinning Marathon**
    Saterdag 7 September 07:00 tot 17:00, Centurion Mall
  - **Kerskonsert**
    Woensdag 27 November in Pretoria, R110 en R155

  Navrae aan Adrie van Staden by 011 976 2273 / 073 749 2697
  Besoek **www.beeldkinderfonds.co.za**

- **Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00**
  Predikanteseminaar
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn en mnr Eugene Coetzer
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen **Vrydag 20 September** op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 / **jacobus.debruyn@gmx.com**

AGTERBLAD

Tydskrif vir Hervormde Teologie

Die derde uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)* word vandag saam met die *e-Hervorme*r uitgestuur.



Hierdie bundel artikels dien as voorbereiding vir die 70ste AKV aan die einde van September. Daar word gehoop dat die artikels die sinodegangers, maar ook ander lidmate, kerkrade en gemeentes, sal help om duidelikheid te kry oor kerklike (ekklesiologiese) vraagstukke wat tydens die voorafgesprek en die vergadering bespreek gaan word.

Die redaksie vertrou dat hierdie uitgawe aan elke afgevaardigde beskikbaar gemaak sal word. Ons hoop ook dat lidmate en belangstellendes sal lees hoe daar in die Kerk gedink word. Die Hervormde Kerk was nog altyd 'n kerk wat ruimte gelaat het vir diversiteit. Ons vertrou dat die diversiteit van hierdie uitgawe geduld en gerespekteer sal word. Die ideaal van 'n nie-polemiese blad word dalk in hierdie uitgawe geskend. Die grense van kritiese debatvoering vir hierdie en die volgende uitgawe (wat oor teologie en teologiese opleiding handel) is ietwat verslap. Die bedoeling was om aan elkeen die volle geleentheid te gee om hul saak onverkort te stel. Ná die AKV sal daar met nougesetheid teruggekeer word na die oorspronklike bedoeling van hierdie tydskrif.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel